# DIE PROBLEMATIEK RONDOM DIE LIED VAN DIE N G KERK: ENKELE BEVINDINGS VANUIT 'N SOSIAAL-WETENSKAPLIKE INVALSHOEK[1]

M Viljoen[2]

## ABSTRACT

### PROBLEMS REGARDING THE HYMNS OF THE DUTCH REFORMED CHURCH: A FEW FINDINGS FROM A SOCIAL-SCIENTIFIC PERSPECTIVE

This article investigates viewpoints regarding the hymn of the Dutch Reformed Church over the last few decades by way of a document analysis of polemics from *Die Kerkbode*, the official publication of the DRC. Historically, there has always been conflict around the hymnic tradition of the Dutch Reformed Church, manifesting specifically as resistance against the official church-hymn. The longing for a simpler, experience-oriented hymn was stimulated especially by the influence of 19th-century Revival hymnody, a tendency still applying today. An analysis of the polemics involved reveals that the duality within the hymnic practice of the DRC has to do particularly with two clashing types of devoutness within the church. Those opposing the official church-hymn are particularly burdened by the "unsingability" of the melodies, as well as the fact that these hymns are foreign to the field of experience of the 20th-ceutucy person. The thesability of an ecclesiastical identification with contemporary secular culture is however a complex question which also involves controversy regarding the retention of the true reformed nature of the church.

## 1. INLEIDING

Die stylvolle inkleding van eietydse erediensmusiek is vandag een van die mees universele probleme waarmee gevestigde kerke wêreldwyd te kampe het. Ook binne die Afrikaanssprekende gereformeerde kerke in ons land staan hierdie kwessie reeds geruime

1 Hierdie artikel is 'n verwerking van die vernaamste bevindings vanuit 'n meestersgraad-studie aan die UOVS onder leiding van dr W M L Strydom (Afdeling Kerkmusiek) en prof A J Pelser (Departement Sosiologie). Die gegewens is ook aangebied as 'n referaat getiteld "Sentiment en die lied van die NG-Kerk" tydens die Kongres vir Musiekwetenskap, Stellenbosch, Augustus 1997.

2 Mev M Viljoen, Departement Musiek, UOVS, Posbus 339, Bloemfontein 9300.

tyd in die brandpunt, en met name binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). Dit manifesteer veral as 'n sterk behoefte aan relevansie ten opsigte van die aanbidding, ook wat betref die kerkmusiek-idioom. Heelwat lidmate ervaar die tradisionele kleed waarin die gereformeerde musiekerfenis gepresenteer word as verouderd en lewensvreemd, en in die polemiek rondom hierdie saak figureer begrippe soos "verstoktheid", "ingewikkeldheid" en "worstelsang" (Schutte 1987:5). Soortgelyke tiperings laat geen twyfel oor die graad van frustrasie wat die persepsies rondom die kerklied ten gronde lê nie. Ten spyte van hierdie uitgesproke weerstand staan ander lidmate weer koud teenoor "vernuwende" elemente soos die beoefening van lofprysing, die opsteek van hande, en die optree van orkeste (Britz 1995:7). Aangesien die kerksang by uitstek beskou word as 'n middel tot groter relevansie in die erediens, het vernuwingstendense gedurende die laaste dekade of wat nogtans heelwat veld binne die kerk gewen — al was dit dan ook in sommige opsigte 'n geval van "innovate or die" (Maré 1993:10), of volgens die stoetse titel van König (1998) se onlangse boek: *Vernuwe of verdwyn*.

Hand aan hand met die veranderende kerkmusiek-idioom het egter ook 'n toenemende popularisering van die erediens op die voorgrond getree wat deur heelwat lidmate verwelkom is, maar terselfdertyd aan ander aanstoot gee. Daar is selfs diegene wat voel dat sekularisasie van die erediens hoogty begin vier het, en dat die NGK "nie meer die kerk is wat hulle geken het nie". Polemiek suggereer dat die NGK reeds geruime tyd die punt bereik het waar besluit sal moet word of daar na die ou gereformeerde wortels teruggekeer sal word, en of die kerk meer in 'n charismatiese rigting sal beweeg (Mischke 1995:21).

Tans word daar selfs van 'n identiteitskrisis binne die NGK gepraat. Hoewel die NGK offisieel en leerstellig niks anders as gereformeerd wil wees nie, neig die kerklike aanslag in die praktyk veel eerder in die rigting van die Evangelicals en Anabaptiste (Jonker 1998:11, 13). Kategoriale en huisgemeentes word bo territoriale gemeentes verkies. Die Woord-karakter van die kerk kom onder druk, terwyl die Heidelbergse Kategismus en ander belydenissskrifte geen rol meer in die prediking en kategese speel nie. Aangesien die

ervaringselement so belangrik word, word liedjies met 'n gospel-inslag prominent, eu verdwyn die Psalms feitlik uit die erediens.

Dit is duidelik dat die kerk voor 'n groot aanslag van die populêre kultuur te staan gekom het. Wêreldwyd leun tradisionele kerke oor na charismatiese aanbiddingsvorme wat in die praktyk egter dikwels as blote "ontvlugtingsgodsdiens" manifesteer, 'n laat-20ste-eeuse soort vroomheid wat ry op die opwaartse sosiale en ekonomiese golf van ons tyd. Die komplekse problematiek rondom die vernuwing van die kerklied is binne die konteks van die NGK egter nie alleen 'n refleksie van hierdie wêreldwye aandrang tot groter relevansie in die aanbidding en 'n nuwe ekumeniese soort charismatiese spiritualiteit nie, maar ook die uitvloeisel van 'n heel spesifieke stel historiese omstandighede. Die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika was nog altyd aan spanninge en verskille onderworpe, waarby konflik veral waarneembaar was tussen die behoeftes van lidmate aan die een kant, en dié van "beleidmakers" aan die ander kant. Hierdie gebeure was nie alleen betekenisvol vir die posisie van die kerklied in sy huidige vorm nie, maar mag ook bepalend wees vir die toekomstige koers van die kerkmusiek en die aard en karakter van die kerk self.

Hierdie artikel wil poog om die vernaamste bevindings vanuit 'n studie met 'n sosiaal-wetenskaplike invalshoek rondom die kerklied weer te gee. Die navorsing is onderneem by wyse van 'n dokument-analise wat standpunte rakende die kerklied oor die laaste aantal dekades ontleed het, waarby gepoog is om die vernaamste sentimente van NG-lidmate rondom hierdie saak te bepaal. Die oogmerk van die studie was daarom veral daarin geleë om verskille en raakpunte tussen beleidmakers en lidmate vas te stel, asook om die behoeftes van bogenoemde partye ten opsigte van die kerklied te bepaal. Die tegniek van inhoudsanalise is as navorsingsmetode aangewend, aangesien laasgenoemde die voordele van 'n gestruktureerde benadering en objektiwiteit eie aan kwantitatiewe navorsingmetodes bied, maar terselfdertyd ruimte laat vir 'n analise van die differensiële kwaliteit van uitsprake — 'n noodwendigheid gesien die emosionele geladenheid van die onderwerp. Met betrekking tot die keuse van bronne/dokumente is daar besluit om op polemiek vanuit *Die Kerkbode*, amptelike weekblad van die NGK, te fokus. Die rede hiervoor is dat die blad as vernaamste forum vir kontensieuse sake

binne die kerk dien, en dus ook wat die polemiek rondom die kerklied betref, as mees verteenwoordigende bron beskou kan word.[3] In enkele gevalle is korrespondensie vanuit *Die Volksblad* en *Beeld* wel in aanmerking geneem ten opsigte van die polemiek rondom die Jeugsangbundels. Aangesien die studie 'n breër tendensieuse benadering as oogmerk gehad het, is korrespondensie bestudeer in terme van lidmate se reaksies op die Hallelujabundel (1960), die Psalm- en Gesangbundel (1978) asook die Jeugsangbundels 1 en 2 (1984; 1994). Die verspreiding en intensiteit van polemiek rondom die bundels het gelei tot die bepaling van drie breë tydvakke waarbinne die bundels bestudeer sou word, naamlik Halleluja 1959-1965 (Tydvak 1), Psalm- en Gesangbundel 1975-1985 (Tydvak 2), en Jeugsangbundel 1 en 2 (1982-1994; Tydvak 3).

Die eenheid van analise is as sentimente bepaal (onder sentiment verstaan ons 'n gevoel, 'n uiting, 'n reaksie van die gemoed, of die neiging om deur die gevoel en nie die rede nie gelei te word). Binne die konteks van die studie is 'n bepaalde stel kategorieë vasgestel wat die hoofsentimente rondom elke bundel verteenwoordig het. Hierdie hoofsentimente is bestudeer in terme van 'n breë verdeling tussen diegene gekant teen die amptelike kerklied, en diegene ten gunste van die amptelike kerklied. In die bespreking onder afdeling 3 word die hooftendense vanuit al drie tydvakke op vergelykende wyse bespreek. 'n Opsomming van die data word as addendum verskaf.

3 Wat betref die verteenwoordigende aard van die grondmateriaal moet daar wel op gelet word dat daar in die geval van 'n spontane koerantdebat nie sonder meer van absolute verteenwoordigendheid sprake kan wees nie. Die briefskrywers is naamlik NG-lidmate van oor die hele land, afkomstig vanuit alle sektore van die bevolking. Die enigste samebindende faktor, afgesien van kerkverband, is die feit dat almal Afrikaanssprekend is. Aan die ander kant sou daar geredeneer kon word dat wanneer iemand sterk genoeg voel oor 'n openbare kontensie om 'n brief aan 'n openbare ligaam te rig, hy/sy reeds as verteenwoordigend van 'n groep beskou kan word, sy dit dan as kwalitatiewe, eerder as kwantitatiewe verteenwoordiging.

## 2. DIE HISTORIESE AANLOOP TOT DIE HUIDIGE KRISIS

Dit lei geen twyfel nie dat teenkanting teen die amptelike kerklied feitlik van meet af aan deel uitgemaak het van die ontwikkeling van die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika. Reeds vanaf die eerste kerkliedere wat deur gereformeerdes in ons land gesing is, naamlik die Datheense psalmberymings, was ongelukkigheid en weerstand aan die orde van die dag, sodat daar na meer aanvaarbare alternatiewe gesoek is, en ander bundels spoedig ontstaan het. Hier moet egter gemeld word dat selfs ons stoere gereformeerde voorvaders in Nederland reeds gedurende die 17de eeu kapsie gemaak het teen die "erg moeilike Geneefse melodieë met hul onmoontlike variasie van ritme en rym" — sien Strydom (1994:110) se bespreking van die noue band tussen die Nederlands-reformatoriese liturgiese praktyk en dié van die Afrikaanssprekende gereformeerde kerke. Die onderskeie Halleluja-bundels wat met verloop van tyd ontstaan het, dien as sprekende bewys van die behoefte aan 'n kerklied wat lidmate binne hul eie spirituele ervaringswêreld aanspreek. In hierdie verband moet daar veral gelet word op die geweldige invloed van die sogenaamde Sankey-liedere uit die Amerikaanse revival-tradisie. Hierdie liedere het so 'n groot impak binne die NGK gehad dat dit later feitlik as deel van 'n "eie Afrikaanse" musiekskat beskou is (Van Niekerk 1970:2). Die konflik tussen die tradisionele, amptelike kerklied en 'n meer bevatlike, ervaringsgerigte geestelike lied lei tot 'n bepaalde dualisme in die kerksangpraktyk waardeur "nie-amptelike" bundels 'n wesenlike rol in die kerklike lewe speel, maar by gebrek aan amptelike goedkeuring nie vir gebruik binne die erediens geskik geag word nie. So ontstaan daar binne die NGK 'n tradisie waarby één tipe kerklied vir erediensgebruik waardig is, terwyl geestelike liedere van 'n meer subjektiewe, ervaringsgerigte aard slegs buite die erediens aangewend word. Een van die knellendste probleme was (en is trouens steeds) geleë in die feit dat dit veral laasgenoemde geestelike lied was wat die diepste sielsbehoeftes van heelwat lidmate kon bevredig. Aan die ander kant het weerstand rondom die amptelike lied veral rondom die "singbaarheid" — of miskien eerder die "onsingbaarheid" — daarvan gesentreer. Die neteligste probleem was egter dat die "nie-

amptelike" liedere nie-gereformeerde of in sommige gevalle selfs on-Skrifuurlike elemente bevat het wat die erediens binnegedring het, en die aard en karakter van die NGK aangetas en verander het. Die basiese, wesenlike onversoenbaarheid van die bogenoemde tipes liedere het 'n konsekwente en aanhoudende bron van konflik teweeggebring. Die tradisie van méér as een sangbundel vir verskillende tipes byeenkomste word in wese eers met die ingebruikneming van Jeugsangbundel 2 in 1994 opgehef, hoewel daar selfs in hierdie geval kort voor lank protes aangeteken is omdat die bundel kompeterend teenoor die Psalm- en Gesangeboek te staan gekom het, of laasgenoemde selfs as amptelike sangbundel verplaas het.

Ten spyte van verskeie pogings vanaf amptelike kant, kon daar dus steeds geen oplossing vir die knellende konflik rondom die kerklied gevind word nie. In die lig van 'n hersiene sangbundel wat binne die volgende twee jaar mag verskyn, maar veral binne die perspektief van die identiteitskrisis waarin die kerk tans verkeer, blyk dit noodsaaklik om die gegewens rondom hierdie komplekse saak op wetenskaplike wyse te ondersoek. Die konflik tussen eensydig-teologiese norme vir 'n gereformeerde kerksang-ideaal aan die een kant, en die eise van populêre smaak aan die ander kant, word daarom vervolgens aan die hand van bevindings rondom lidmate se behoeftes bespreek.

## 3. HOOFBEVINDINGS VANUIT DIE DATA-ANALISE

As 'n breë veralgemening kan daar vanuit die navorsingsbevindings van die studie gekonkludeer word dat daar in die NGK 'n diepe kloof bestaan tussen die ideale van beleidmakers op die terrein van die kerkmusiek, en die behoeftes van die meerderheid lidmate. Hierdie spanning manifesteer duidelik in talle versugtinge na 'n ervaringsgerigte lied waarin geen groter eis gestel word nie as dat die lidmate spontaan die Here se nabyheid kan ervaar (Le Roux 1991:8):

> Dit is jammer dat daar so 'n groot kloof is tussen die "hoë musici" wat met hulle groot invloed die Ned Geref Kerk se liedere beleid stuur en die lidmate (doop en belydend) wat die liedere moet sing. Lidmate hoef nie te vra wat van hoë gehalte in 'n sekere musikale

> idioom is voordat hulle 'n sekere lied sing nie. Nee, hulle voel net aan dat hulle hulleself emosioneel kan uitdruk deur wat hulle sing. Hulle ervaar spontaan dat hulle aanbid en die Here ontmoet in 'n lied, of hulle ervaar spontaan dat hulle deur 'n sekere lied nie kan aanbid nie.

Die emosionele trant van sommige uitsprake in dié verband illustreer duidelik dat die "harte" van lidmate hier ter sprake is, soos blyk uit die volgende uittreksel uit 'n reaksie op die 1978 Psalm- en Gesangboek (Murray 1978:663):

> Ons soek nie net woorde nie, maar musiek wat die hart aanspreek en roer, en dit ontbreek grootliks.

Bogemelde uitsprake verteenwoordig behoeftes wat in die praktyk lynreg bots met die eise ten opsigte van die gereformeerde kerksang-ideaal. In die bespreking hieronder word daar lig gewerp op die kragte onderliggend aan hierdie uiteenlopende sentimente.

### 3.1 Amptelike kerklied versus nie-amptelike lied

Een van die eerste konklusies waartoe die data gelei het, is die feit dat die behoefte aan die nie-amptelike kerklied binne die NGK inderdaad swaar weeg. Onder Tydvak 1 is 64% van die briefskrywers ten gunste van die Halleluja, terwyl 65% tydens Tydvak 3 ten gunste van die Jeugsangbundels is. Slegs wat betref die Psalm- en Gesangbundel (Tydvak 2) is die meerderheid ten gunste van die amptelike kerklied, hoewel hierdie meerderheid slegs uit 10% bestaan (55%). Die nie-amptelike kerklied word dus deur die meerderheid briefskrywers verkies. Hierbenewens toon die ontleding van spesifieke sentimente rondom laasgenoemde voorkeur 'n sterk affiniteit vir 'n meer bevatlike of eenvoudiger tipe geestelike lied; mens sou selfs kon praat van 'n sentimentele soort geestelike lied. Die sterk emosionaliteit wat in die toon van die polemiek na vore tree is veral opvallend; in enkele opmerkings is daar selfs verskuilde aggressie aanwesig, soos byvoorbeeld in die uitspraak:

> Die ewigheid sal eendag openbaar wat die Halleluja tot stand gebring het (Botha 1962:692)

en:

> Waarom so baie onsingbare wysies — sentiment of wat? Ons is nie almal musici nie (Murray 1978:663)

of die volgende advies:

> Miskien is dit tyd dat kerkmusici van hulle pyporrelbankies afklim ... en gaan kyk waarom hulle musiek nie meer funksioneel, relevant en eietyds genoeg is nie. Gooi weg daardie musiek wat God se werk strem, en begin om siele te werf vir Christus (Maré 1993:10).

## 3.2 Twee botsende tipes spiritualiteit

'n Analise van die polemiek bring verder aan die lig dat die konflik tussen die amptelike en nie-amptelike kerklied nie slegs 'n "stryd om die bundels" is nie, maar dat dit ten diepste gaan om twee verskillende tipes godsdiensbelewing of spiritualiteit binne die NGK. Vir die doeleindes van die ondersoek word daar hierby onderskei tussen die vroomheidstipes wat Jonker (1989:291)[4] tipeer as die reformatories-gereformeerde vroomheidstipe en die evangelikalies-metodistiese vroomheidstipe. 'n Belangrike waarneming ten opsigte van 'n klemverskuiwing wat betrekking op die vroomheidstipes het, is die feit dat die "ervaringsvroomheid" aanvanklik (Tydvakke 1 en 2) aan ouer lidmate toegeskryf is, dog toenemend deur jonger lidmate bepleit word namate daar na Tydvak 3 beweeg is. Verder is dit opvallend dat die "ervaringsvroomheid" aanvanklik neig om die "bekende" te behou (die verlange om die Halleluja te behou onder Tydvakke 1 en 2) terwyl daar in Tydvak 3 juis op vernuwing aangedring word. Die tipe geestelike lied wat hierby ter sprake is, sorteer egter in die laaste geval eerder onder die meer sentimentele vorme van eietydse kommersiële musiek as wat daar van ware "eietydsheid" sprake is.

4 Jonker onderskei, spesifiek met betrekking tot vroomheidstipes binne die NGK, 'n bepaalde tweeslagtigheid waarby twee botsende strominge van godsdiensbelewing onderskeibaar is, naamlik die gereformeerde en evangelikalies-metodistiese geestelike strominge. Hierdie twee groepe verteenwoordig onderskeidelik die "geloofsvroomheid" (die klem lê op die objektiwiteit van die heil in Christus) en die "ervaringsvroomheid" (die individuele geloofservaring téénoor die verstandelike denke).

Ten slotte is dit interessant om daarop te let dat daar ten opsigte van die kategorie *Ten gunste van die amptelike kerklied* onder Tydvak 3 géén steun deur predikante aan die amptelike kerklied toegesê word nie. Wil dit beteken dat die jonger geslag NG-dominees aan die voorpunt van die kerkmusikale "vernuwings" staan?

### 3.3 Klemverskuiwing tov spiritualiteit

Die ontleding van die data toon verder 'n belangrike klemverskuiwing sedert die laat 1950's tot en met 1994 ten opsigte van die gereformeerde spiritualiteit van die groep lidmate wat die amptelike kerklied steun. Onder Tydvak 1 is gereformeerde karakter die hoofoorweging vir die behoud van die Psalm- en Gesangbundel (62,5%), terwyl Tydvak 2 reeds 'n afname toon (51%). Gedurende Tydvak 3 was dit nie moontlik om die begrip gereformeerdheid nog as kategorieterm te gebruik nie, aangesien die term slegs in één van die 26 briewe wat ontleed is, voorgekom het. Hieruit blyk dat daar selfs wat betref die groep lidmate wat behoudend is ten gunste van die amptelike kerklied, 'n klemverskuiwing tov spiritualiteit plaasgevind het — 'n belangrike waarneming binne die studie as geheel.

### 3.4 Eén amptelike bundel versus twee bundels van uiteenlopende aard

'n Ander belangrike konklusie uit die data staan direk in verband met die historiese neiging binne die NGK dat daar naas die amptelike sangbundel ook 'n meer bevatlike liedereboek aangewend word. Hierdie uiters belangrike aspek het min aandag binne die polemiek rondom die kerklied geniet. Onder Tydvak 1 haal slegs 12,5% briefskrywers hierdie kwessie op, onder Tydvak 2 slegs 9,3% en gedurende Tydvak 3 kom die saak glad nie meer te berde nie. Laasgenoemde tendens sou moontlik toegeskryf kon word aan die feit dat NG-lidmate hierdie ongelukkige toedrag van sake reeds in 'n groot mate aanvaar het. Dit kan egter ook wees dat die fatale uitwerking van uiteenlopende tipes sangbundels op die reeds bestaande konflik ten opsigte van vroomheidstipes binne die NGK, nog nooit genoegsaam besef is nie. Dit is interessant om daarop te let

dat, waar uitsprake wél oor hierdie aspek gemaak is, dit merendeels die stempel dra van 'n gees van onversoenbaarheid:

> Om ... te beweer dat net Gesange en Psalms by volwaardige eredienste gesing mag word, is seker weer om slimmer te wees as die Skrif self. Ek lees nêrens van so 'n bepaling in die Heilige Skrif nie

en, van dieselfde skrywer:

> ... maar was die betrokke denkrigting [Psalm- en Gesangboek] se mense dan nooit kinders nie? Is hulle volwasse gebore en was hulle smaak en bevatlikheid dan so, moet 'n mens sê, gemaak dat dit nooit die behoefte bevat het aan die kinderkos wat die Hallelujaboek bevat nie? (Cilliers 1961:56).

## 3.5 Onbevatlikheid van die Psalms en Gesange

Reeds vanaf Tydvak 1 toon die polemiek dat een van die hoofoorwegings van diegene wat gekant is teen die amptelike kerklied, die oorruiging is dat die Psalms en Gesange "wêreldvreemd" is, "onbevatlik is vir die gewone lidmaat", en gewoon as "onsingbaar" ervaar word. Hierdie tendens neem toe namate daar na Tydvak 3 beweeg word, aangesien die gesamentlike faktore van diegene wat gekant is teen die amptelike kerklied, 88,2% beslaan. Dit blyk dat veral die Geneefse psalmmelodieë 'n groot bron van ongelukkigheid en ergernis vir heelwat lidmare is. Hierdie toedrag van sake is ironies, aangesien een van die belangrikste oogmerke van die destydse Hersieningskommissie nie alleen die "herstel" van die Geneefse psalms was nie, maar juis ook om dit meer bevatlik vir die gewone lidmaat te maak:

> By die hersiening van die musiek was die oorwoë mening dat die melodieë vir die gemeente maklik singbaar sal wees. Daar is nie 'n poging aangewend om 'n prestige-bundel saam te stel wat net die musiekkenners tevrede sou hou nie. Ons gemeentes is in gedagte gehou (Serfontein 1975:589).

Die reaksie aan die kant van lidmate illustreer egter baie duidelik hoe groot die kloof tussen amptelike intensie en die resepsie van die liedere was:

> ... die hedendaagse mens en 'n groot deel van die jeug in besonder, (het) ook 'n behoefte aan 'n kerklike musikale idioom anders as slegs die reformatoriese lied ... Ons is bevrees dat die nuwe gesangboek

> nie met hierdie feite rekening hou nie. Ons verneem voortdurend besware van lidmate teen die psalms en gesange as sou die meeste daarvan te droog en te doods wees ... (Predikante, Ring van Brakpan 1975:93).

## 3.6 Die fokus van deskundigheid ten opsigte van uitsprake rondom die kerklied

'n Analise van die status van die briefskrywers uit al drie die tydvakke toon 'n opvallende gebrek aan betrokkenheid van deskundiges op die gebied van die kerkmusiek. Die grootste persentasie van uitsprake insake die polemiek is afkomstig vanaf lidmate, en die tweede grootste persentasie afkomstig van predikante. Die kleinste aantal insette was van deskundiges op kerkmusikale gebied afkomstig. Hiermee saam hang ook die feit dat daar, wat al drie tydvakke betref, 'n groot meerderheid subjektiewe redenasies teenoor 'n klein minderheid objektiewe redenasies was. Hierdie gegewe onderstreep weereens die waarneming dat sentimente, eerder as deskundige insig of objektiewe oorweging, 'n deurslaggewende rol met betrekking tot persepsies rondom die lied van die NGK speel.

## 3.7 Persepsies rondom besluitnemingsprosesse

'n Verdere waarneming vanuit die data wat vermeld behoort te word is die feit dat NG-lidmate, wat betref al drie tydvakke, in groot mate "uitgesluit" voel by besluitnemingsprosesse rondom die kerklied. Die polemiek toon verskeie suggesties van die persepsie dat besluite in dié verband geneem word deur 'n handjievol "hoë musici" onder "geheimhouding", of anders deur teoloë wat die "know-how" het om "hulle ding dwarsdeur die sinode te loods" (Jacobs 1985:10). Hoewel die beleidmakers onder Tydvak 3 heelwat meer simpatiek teenoor lidmate, en spesifiek die jeug se behoeftes staan, het hierdie persepsie tot groot mate die reeds diepe kloof tussen lidmate en beleidmakers vergroot.

## 3.8 Die roep om vernuwing

Sedert Tydvak 2, maar veral sedert Tydvak 3, blyk daar 'n toenemende aandrang tot vernuwing van die kerksang uit die

polemiek. Laasgenoemde blyk duidelik uit die feit dat die subkategorie *Eietydse aanslag* in 76,4% van alle briewe uit Tydvak 3 figureer. Dit is egter ironies dat die meerderheid van liedere uit die Jeugsangbundels, en met name die sg. "nuwe" liedere, geensins getuig van eietydsheid nie — veel eerder getuig dit van 'n kunsmatige, cliché-agtige 19de-eeuse styl. Nog minder is die begeleidings "nuut" verwerk in terme van 'n eietydse jeug-idioom wat hoegenaamd ooreenstem met die klankwêreld van die kommersiële musiek van vandag. Hieruit blyk egter dat die voorkeur van die meerderheid NG-lidmate — soos in die dae van die Halleluja-bundels — steeds uitgaan na die meer sentimentele geestelike lied.

## 4. SAMEVATTENDE KONKLUSIES

Samevattend kan daar vanuit bogemelde data vasgestel word dat die oorgrote meerderheid uitsprake in die polemiek op sentimente berus en nie op objektiewe insig ten opsigte van die kerklied nie. Die meerderheid NG-lidmate wat aan die polemiek deelgeneem het, verlang 'n meer ervaringsgerigte geestelike lied en dring toenemend op vernuwing van die erediens aan. Hierdie verskynsels hang saam met die feit dat daar binne die NGK 'n sterk verteenwoordiging van die "evangelikalies-metodistiese" vroomheidstipe aanwesig is. Die streng rasionele benadering tot die erediens, kenmerkend van die gereformeerde kerke sedert die na-reformatoriese tydperk, is een van die hoofoorsake dat die NGK veral deur hierdie vroomheidstipe as feesloos en koud ervaar word. Wanneer hierdie situasie gekoppel word met die begeerte om in eietydse terme te aanbid, wil dit lyk asof 'n toenemende versekularisering van die erediens en die inkorporering van die meer charismatiese aanbiddingsvorme welkome oplossings mag wees — die gees van ons tyd dring immers daarop aan, die neiging daartoe is so lank reeds latent in die kerk, en die data vanuit hierdie studie maak dit meer as duidelik waar die sentimente van die meerderheid lidmate lê.

So eenvoudig is dit egter nie. Jonker (1999:11) is eerstens nie daarvan oortuig dat die NGK werklik bedoel om in wese 'n charismatiese kerk te wees nie — hy sien die geneigdheid tot ervaringsvroomheid eerder as 'n kokettering met die populêre smaak,

te meer daar die prediking ook nog veel eerder binne die styl van die evangelical en revival tradisie tuishoort, eerder as dat dit getuig van 'n egte charismatiese gees. Die huidige strominge binne die NGK moet daarom eerder geïnterpreteer word as 'n oorname van die Amerikaanse evangelical paradigma, en in 'n sin 'n terugkeer na die gees van revivalisme wat aan die Pentekostalisme en die Charismatiese beweging voorafgegaan het. Nogtans is dit so dat die oorname van charismatiese vorme van spiritualiteit nie sonder gevolge is vir die konfessionele karakter van die kerk nie: dit het 'n ander agtergrond en veronderstel 'n eenheid van belewing, eerder as 'n eenheid van belydenis (Jonker 1999:1).

Ook die kokettering met die populêre sekularistiese kultuur is geen probleemlose saak nie. Die maatstaf van populariteit kan nooit die enigste vereiste rondom die kerklied en die liturgie wees nie, veral nie wanneer daar in ag geneem word dat die verkondigende funksie van musiek binne die konteks van die gereformeerde belydenis voorop staan nie. Sang in die erediens verteenwoordig nie alleen die verklanking van God se Woord nie, maar simboliseer ook die gelowige se "antwoord" daarop (Strydom 1994:288). Hierdie funksies stel vanselfsprekend geen eenvoudige eise nie. Dit verhef liturgiese sang tot veel méér as blote menslike "eer aan God" — dit het ook te make met God se eie aanraking van die mens. Laasgenoemde siening staan direk in konflik met die hoogs persoonlike, feitlik selfsugtige inslag van heelwat van die meer eietydse kerkliedere waar dit eerder om 'n persoonlike, emosionele ervaring gaan as 'n fokus op God. Hierby geld trouens meestal ook 'n algehele vereenvoudiging van die lewe en die geloof en 'n onmondige vermyding van die leed van die lewe en van die mens in sy "verlossingsnood", terwyl God gelykgestel word aan 'n aardse "Pa", en Christus 'n blote "pal" of "buddy" word (Siebald 1982:82-84). Die algemene toon en inhoud van geestelike liedere kenmerkend van hierdie tipe vroomheid dra daarom meestal swaar aan die beheptheid met die eie gevoelservaring. Brueggeman (1992:62) beskryf gereformeerde lofprysing daarteenoor as 'n "doksologiese handeling" wanneer hy dui op 'n dialektiese alternatief vir selfbehaging

> worin Gott in diesem Augenblick von Lobpreisung, Benedeiung

> und Verherrlichung alles in allem wird und ich, als der Sprechende, freudig zu Nichts werde.

'n Faktor wat verdere nadenke rondom eietydse geestelike musiekgenres verg is die feit dat die oorname van die wêreldse "bagasie" van pop- of rockmusiek binne liturgiese verband moeilik oplosbare probleme meebring — probleme wat meestal afgemaak word met stellings soos dat "die doel die middele heilig". Die belangrikste hiervan is geleë in die feit dat die teksvlak en semantiek van pop- of rockmusiek totaal sekondêr is, en dat tekste binne hierdie konteks bloot tot die gebied van "klank" behoort (Kabus 1995:310). Wanneer eietydse geestelike liedere dus (op 'n eerlike wyse) met hierdie idioom wil identifiseer — soos wat bepaalde vorme van gospelmusiek inderdaad doen — beteken dit noodwendig dat God se Woord nie meer sentraal staan nie, want dit is teen die basiese reëls van die genre waaruit dit "leen". Verder is ook die simboliese krag van musiek ter sprake: as mees verganklike van die kunste, staan musiek op kragtige wyse bepaalde abstrakte "waardes" voor. In hierdie opsig simboliseer pop- of rockmusiek dikwels 'n ideologie met 'n sterk protespotensiaal of 'n negatiewe lewensuitkyk van vrye seks en dwelms. Daar is trouens géén ander musiekkultuur in die Westerse wêreld wat op so 'n indringende wyse beslag op die "totale mens" lê en dieselfde kultiese status geniet nie. Laasgenoemde lewer beslisre probleme wanneer dit binne die konteks van die gereformeerde belydenis op die kerkmusiek "oorgedra" word. Blanchard et al (1983:32) wys in hierdie verband nie alleen op die gevare van 'n "Christian sub-culture" nie, maar pertinent ook op dié van 'n "sub-Christian culture".

By die aanwending van hedendaagse sekulêre idiome in die kerkmusiek moet daar ook in gedagte gehou word dat pogings om eietydsheid ten alle koste in die kerksangpraktyk in te voer, geloofwaardig deurgevoer moet kan word. Dit kan maklik gebeur dat die "ligter" vorme van kerkmusiek "afsteek" teen die tegnologiese kwaliteit van die rock, metal of pop wat jongmense buite kerkverband ervaar. Daar word byvoorbeeld bereken dat die klankversterkings-apparaat en ander "rekwisiete" vir Michael Jackson se onlangse konsert by Groenpunt in Kaapstad meer as drie

miljoen rand beloop het. Kan die kerk werklik hiermee meeding? En wat is die implikasies as kerkmusiek in hierdie opsig "tweede" kom?

Laastens is dit belangrik om vanuit 'n internasionale perspektief rakende kontemporêre religieuse strominge te let op die feit dat gereformeerde kerke in Europa — wat die huidige woelinge in ons land met twee of drie dekades vooruitgeloop het — in die groter sentra feitlik leeggeloop het ten spyte (of moontlik juis as gevolg van?) aanpassings om die kerkmusiek en liturgie tot groter relevansie te bring. Laasgenoemde word beskou as die gevolg van 'n kerklike oor-identifisering met 'n kultuur wat sélf in 'n identiteitskrisis verkeer, en die feit dat die radikale verlies aan die teenwoordigheid van God drastiese gevolge ingehou het vir die aandrang tot 'n "moderne" godsdiensbelewing. Die leë kerkgeboue in Europa staan in die tragiese teken van die "mondigwording" van erediens-popularisering; daar is 'n sterk toename in mense wat nie meer aan 'n godsdienstige groepering behoort nie, en die kerkbywoning van diegene wat wél nog kerklike bande handhaaf, het geweldig gedaal. Dekker (1983:7) meld dat daar byvoorbeeld in Nederland 'n ontstellende afname is aan die "instemming met traditionele christelijk-godsdienstige waarheden" — omtrent God, Christus, die Bybel en 'n lewe na die dood. Hierdie newe-effekte van die aandrang om die hedendaagse kultuur binne die kerk relevant te maak, hou inderdaad ook vir die NGK 'n belangrike boodskap in.

Vanuit bogemelde perspektiewe is dit duidelik dat die vernuwing van die kerklied uiters komplekse probleme presenteer, en dat diegene wat tans gemoeid is met die hersiening van die sangbundel geen eenvoudige taak op hande het nie. Hoewel sommige gesigspunte uit die verlede waarskynlik nog vir 'n aansienlike tyd in die kerksangpraktyk van die NGK gekontinueer sal word, is dit tog duidelik dat 'n kritiese besinning oor bestaande praktyke noodsaaklik is, en dat daar op onbevange wyse moontlik totaal nuut oor die liturgie en die kerkmusiek gedink sal moet word. Waar die kerk tans duidelik binne die greep van charismatiese spiritualiteit en die invloed van die 20ste-eeuse massakultuur staan, mag die kerklied, moontlik meer as enige ander liturgiese element, 'n bepalende rol speel ten opsigte van die toekomstige karakter van die erediens en van die kerk self. Die kerklied, méér nog as die prediking

en die belydenisskrifte, is immers die vernaamste "uitstalvenster" van die gees en klimaat van enige kerk (Barnard 1981:598). Hieruit is dit duidelik dat die geestelike koers van die kerkmusiek uiteindelik 'n bepalende faktor mag wees met betrekking tot die mate waarin die NGK 'n sentimenteel-charismatiese inslag, of 'n tradisioneel-gereformeerde vroomheid weerspieël.

# BIBLIOGRAFIE

BARNARD A C

1981. *Die erediens*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

BLANCHARD J, P ANDERSON & D CLEVELAND

1983. *Pop goes the gospel*. Hertfordshire: Evangelical Press.

BOTHA N F

1962. Korrespondensie. *Die Kerbode* 114(22):692.

BRITZ R M

1995. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 155(25):7.

BRUEGGEMAN W

1992. Lobpreisung: eine Politik freudiger Hingabe. *IAH Bulletin* 20:57-81.

CILLIERS J D

1961. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 113(2):5

Dekker G

1983. *Oude wijn in nieuwe zakken. Over de christelijke godsdienst in de moderne zamenleving*. Baarn: Te Have.

JACOBS L

1985. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 137(7):10.

JONKER W D

1989. Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit. *NGTT* 30(3):288-299.

1998. Kragvelde binne die kerk. *Aambeeld* 26(1):11-14.

1999. *Die paradigmaverskil: gereformeerd-charismaties*. Ongepubliseerde referaat. Teologiese Dag, Mooigenoeg, Bloemfontein 23 Februarie 1999.

KABUS W

1995. "Wir leben doch nicht mehr im 17. Jahrhundert" — Jugend und Popularmusik. *Musik und Gottesdienst* 49(6):310-320.

KÖNIG A

1998. *Vernuwe of verdwyn*. Lux Verbi.

LE ROUX E
1991. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 148(23):8.

MARÉ S
1993. Korrespondensie. *Die Volksblad* 17 November:10.

MISCHKE A
1995. Met lekker "beat" wil jonges NGK laat aanpas by die tye. *Rapport* 30 Julie:21.

MURRAY R B
1978. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 130(21):662-663.

PREDIKANTE, RING VAN BRAKPAN
1975. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 127(3):93.

SCHUTTE J H
1987. Korrespondensie. *Die Volksblad* 9 April:5.

SERFONTEIN W J B
1975. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 127(18):589.

SIEBALD M
1982. Evangelische Musik zwischen Kunst und Kitsch. *Musik und Kirche* 52(2):81-87.

STRYDOM W M L
1994. "Sing nuwe sange, nuutgebore". *Liturgie en Lied.* Bloemfontein, Departement Musiek (Afdeling Kerkmusiek), Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

VAN NIEKERK T
1970. *Die invloed van die Sankey-beweging op die kerklied in Suid-Afrika.* Ongepubl M. Mus. verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

# ADDENDUM

# OPSOMMING VAN DIE VERNAAMSTE BEVINDINGS VANUIT DIE DATA

## Voorstelling 1:
## Verspreiding van sentimente rondom die Hallelujabundel

| Kategorieë van sentimente | Gekant teen H | | Ten gunste van H | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| **Gekant teen Halleluja** | | | | |
| Gereformeerde karakter | 10 | 62,5 | | |
| Eén bundel | 2 | 12,5 | | |
| Fokus | 4 | 25 | | |
| TOTAAL | 16 | 100 | | |
| **Ten gunste van Hallelujabundel** | | | | |
| Piëtistiese vroomheidsheimwee | | | 20 | 72,5 |
| Twéé bundels | | | 4 | 14,2 |
| Fokus | | | 4 | 14,2 |
| TOTAAL | | | 28 | 100 |
| **Perspektief** | | | | |
| Sinodale beslnite | | | 1 | 3 |
| Musikale meriete | 2 | 12,5 | | |
| Skrifgebondenheid | 14 | 87,5 | | |
| Sentiment | | | 22 | 79 |
| Weerstand hoë standaarde | | | 5 | 18 |
| TOTAAL | 16 | 100 | 28 | 100 |
| **Beredenering** | | | | |
| Subjektief | 6 | 37 | 25 | 89,2 |
| Objektief | 10 | 63 | 3 | 10,7 |
| TOTAAL | 16 | 100 | 28 | 100 |
| **Outoriteit** | | | | |
| Amptelik: kundige 1 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Amptelik: kundige 2 | 6 | 37,5 | 6 | 21,4 |
| Lidmaat: leek | 4 | 25 | 21 | 75 |
| Lidmaat: kundige 1 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Lidmaat: kundige 2 | 6 | 37,5 | 1 | 3,6 |
| TOTAAL | 16 | 100 | 28 | 100 |
| **Oorsprong van kommunikasie** | | | | |
| Veranderinge in beleid | 0 | 0 | 4 | 14 |
| Reaksie op uitsprake/polemiek | 16 | 100 | 24 | 86 |
| TOTAAL | 16 | 100 | 28 | 100 |

## Voorstelling 2:
## Verspreiding van sentimente rondom die Psalm- en Gesangbundel

| Kategorieë van sentimente | Ten gunste van Psalms/Gesange | | Gekant teen Psalms en Gesange | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Gereformeerde erfenis | 22 | 51 | | |
| Sinodale opdrag | 15 | 35 | | |
| Gevaar van sektarisme | 6 | 14 | | |
| TOTAAL | 43 | 100 | | |
| | | | | |
| Weerstand Psalm- en Gesange | | | 12 | 34.3 |
| Arbitrêre optrede | | | 9 | 25.7 |
| Verlange na Halleluja | | | 14 | 14.2 |
| TOTAAL | | | 35 | 100 |
| | | | | |
| **Perspektief** | | | | |
| Weerstand teen verandering | | | 22 | 63 |
| Weerstand teen hoë standaarde | | | 2 | 12.5 |
| Onbevatlikheid | | | 8 | 23 |
| Musikale meriete | 28 | 65 | | |
| Skrifgebondenheid | 14 | 32 | | |
| Geestelike volwassenheid | 1 | 2.3 | | |
| TOTAAL | 43 | 100 | 35 | 100 |
| | | | | |
| **Bykomende oorwegings** | | | | |
| Eén bundel | 4 | 9.3 | | |
| Verbetering | 36 | 84 | | |
| Praktiese besware | 3 | 7 | | |
| Meerderheid onbekend | | | 5 | 14.3 |
| Onsingbaarheid | | | 16 | 46 |
| Diverse besware | | | 14 | 40 |
| TOTAAL | 43 | 100 | 35 | 100 |
| | | | | |
| **Beredenering** | | | | |
| Subjektief | 25 | 58 | 33 | 94.2 |
| Objektief | 18 | 42 | 2 | 6 |
| TOTAAL | 43 | 100 | 35 | 100 |
| | | | | |
| Outoriteit | | | | |
| Amptelik: kundige 1 | 1 | 2,3 | 0 | 0 |
| Amptelik: kundige 2 | 24 | 56 | 16 | 45.7 |
| Lidmaat: leek | 14 | 33 | 19 | 54.2 |
| Lidmaat: kundige 1 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Lidmaat: kundige 2 | 4 | 9,3 | 0 | 0 |
| TOTAAL | 43 | 100 | 35 | 100 |

| Oorsprong van kommunikasie | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Veranderinge in beleid | 08 | 19 | 10 | 29 |
| Reaksie op uitsprake/polemiek | 35 | 81.3 | 25 | 71.4 |
| TOTAAL | 43 | 100 | 35 | 100 |

## Voorstelling 3:
## Verspreiding van sentimente rondom die Jeugsangbundels

| Kategorieë van sentimente | Gekant teen JB | | Ten gunste van JB | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Teologies-liturgies | 3 | 33.3 | | |
| Sinodale besluite | 1 | 11.1 | | |
| Sekulêre vervlakking | 5 | 55.5 | | |
| TOTAAL | 9 | 100 | | |
| Psalms en Gesange verouderd | | | 6 | 35.2 |
| Verwarring om besluite | | | 2 | 11.8 |
| Bevatlikheid | | | 9 | 53 |
| TOTAAL | | | 17 | 100 |
| **Perspektief** | | | | |
| Musikale meriete | 0 | 0 | | |
| Verhewe kerklied | 9 | 100 | | |
| Eietydse aanslag | | | 13 | 76.4 |
| Aanbiddingskrag | | | 4 | 23.5 |
| TOTAAL | 9 | 100 | 17 | 100 |
| **Bykomende oorwegings** | | | | |
| Eén amptelike bundel | 0 | 0 | | |
| Jeugsangbundel kompeterend | 5 | 55 | | |
| Spektrum dek alles | 2 | 22 | | |
| Stylvol eietyds | 2 | 22.2 | | |
| Verlange na nie-amptelike lied | | | 10 | 58.7 |
| Meerderheid onbekend | | | | 41.2 |
| TOTAAL | 9 | 100 | 17 | 100 |
| **Beredenering** | | | | |
| Subjektief | 6 | 67 | 11 | 65 |
| Objektief | 3 | 33.3 | 6 | 35.3 |
| TOTAAL | 9 | 100 | 17 | 100 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Outoriteit | | | | |
| Amptelik: kundige 1 | 1 | 11 | 2 | 11.85 |
| Amptelik: kundige 2 | 0 | 0 | 4 | 24 |
| Lidmaat: leek | 5 | 55.5 | 11 | 65 |
| Lidmaat: kundige 1 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Lidmaat: kundige 2 | 3 | 33.3 | 0 | 0 |
| TOTAAL | 9 | 100 | 17 | 100 |
| | | | | |
| Oorsprong van kommunikasie | | | | |
| Veranderinge in beleid | 1 | 11 | 3 | 17.6 |
| Reaksie op uitsprake/polemiek | 8 | 88.8 | 14 | 82.3 |
| TOTAAL | 9 | 100 | 17 | 100 |